Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 3, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# GENL MAJ SIR HENRY TIMSON LUKIN

## Herkoms en Jeugjare

Fulham is 'n voorstad van Londen. Dit is daar waar Henry Timson Lukin op 24 Mei 1860 as die oudste en enigste seun van Robert Henry Lukin gebore is. Alhoewel 'n gekwalifiseerde advokaat wat daarby talle oorsese ekspedisies onderneem het, het Robert Henry nooit gepraktiseer nie en homself eerder aan sy gesin en gemeenskap gewy.[1] Robert Henry se broer was 'n soldaat en dit was miskien genl William Lukin se loopbaan en militêre onderskeidings wat die jong Harry (sy noemnaam) geprikkel het om ook 'n militêre loopbaan later te kies.

Vir sy moeder, Ellen (gebore Watson) en sy enigste suster het Harry 'n besondere liefde gehad; 'n gesindheid wat deur sy hele lewe kenmerkend was.[2] Met sy moeder se vroeë dood het die band tussen hom en Nellie sterker geword en was haar invloed groter as enige ander wat sy karakter en houding help vorm het.[3]

Die jong Harry Lukin was proporsioneel sterk en goed gebou en kon gevolglik in baie sportsoorte uitblink.[4] Dit het waarskynlik bygedra dat Harry sy skoolwerk verwaarloos het. Mettertyd is hy by die Merchant Taylor Skool in Londen ingeskryf waar hy sy skoolopvoeding sou ontvang. Dit was geensins 'n briljante een nie — veel eerder kan dit bestempel word as 'n vrolike en lewendige tydvak in sy lewe!

Om soldaat te word, was al waarin hy reeds op daardie stadium belang gestel het. Op sestienjarige ouderdom het hy reeds die geskiedenis van elke Britse regiment op die punte van sy vingers geken. Aan die ander kant het hy akademies swak presteer maar 'n aandeel in elke ondeug gehad. Van hom het 'n onderwyser op 'n keer gesê, hy is '. . . a boy who was born to be hanged.'[5] Moeilik soos hy soms kon wees — en sonder twyfel was — was hy nooit oneerlik nie.

Toe sy skooldae ten einde loop, het hy slegs een doel voor oë gehad naamlik om soldaat te word. Alle ander oorwegings is ter syde gestel, maar die leër se toetredingseksamens was nie maklik nie. Daar was 'n ywerige kompetisie vir Sandhurst en Woolwich se akademies en die jong Harry het nie baie boekgeleerdheid op skool bekom nie.[6] Gevolglik besluit hy om drilmeester te word en verkies Winter se bekende inrigting in Woolwich. Hierdie voorbereidingspoging was egter nie suksesvol nie en Sandhurst se toelatingseksamen het hom onder gekry.

Ofskoon sy onvermoë om te slaag vir hom 'n teleurstelling was, het sy doelwit, kom wat wil, steeds onveranderd gebly. Gevolglik sluit hy by die militêre ryskool in Knightsbridge aan en word spoedig vertroud met ruitery-opleiding. Intussen ondergaan hy ook 'n Junior Vrywilliger-offisierskursus hoofsaaklik in infanteriedrilwerk, by die Chelsea 1 kaserne.[7] Opleiding en ontwikkeling gaan hand aan hand en in die stadium was Harry reeds bekend vir sy uithouvermoë, selfbeheersing en dapperheid.

Dit is miskien nou ook gepas om te dink aan die rol wat sy omgewing in sy jeug gespeel het op die karaktervorming van 'n groot militaris. Ons besef, nietemin, dat die geskil tussen die voorstanders van die erflikheidsleer en díe wat die invloed van omgewingsfaktore beklemtoon, nooit opgelos sal kan word nie, want beide is tog reg — die man is die spruit van sy voorsate en die produk van sy omgewing![8]

## Keerpunt

'n Lang tydperk van frustrasie was gelukkig nie die jong Lukin se lot nie. In Suid-Afrika het onrus gebroei wat deur hom met toenemende belangstelling bestudeer is. Sy eie situasie het hy ook in oënskou geneem: in die Sandhursttoelatingseksamen het hy gesak, die vooruitsig om 'n kommissie in die Imperiale Leër te bekom dus daarmee heen. Lukin was nou reeds agtien maar hy wou geen ander beroep as soldaat oorweeg nie. Vir sy vader was die vasbeslotenheid om soldaat te word eenvoudig nou hardkoppigheid en die atmosfeer tuis was nie aangenaam nie. Dat die dreigende moelikheid in Suid-Afrika hom ook daarvan sou weglok, sou hy weldra uitvind.[9].

Op 2 Januarie 1879 gaan Lukin by Southampton aan boord van die RMS **Nyanza** en stap

by Durban aan wal sonder 'n blou duit.[10] Durban was siedend van spanning en ontevredenheid. Lord Chelmsford se ultimatum aan die Zoeloe-opperhoof het op 10 Januarie reeds verstryk en die gerugte van die geveg by Isandhlawana op 22 Januarie, het rugbaar geword. Opdrag is toe aan drie kolonnes gegee om na Zoeloeland op te trek. Naturelle-arbeid vir die bou van paaie was beskikbaar, maar onbetroubaar en Engelse is benodig om te beheer en te organiseer. Ofskoon hy oor geen kennis in die verband besit het nie, is Harry as padbouvoorman op die grens aangestel.[11]

Onverwags en heel toevallig loop sy neef lt Jack Spurgin van die Royal Scots Fusiliers, hom by sy padmakery raak en nooi hom uit na hul kamp. Dit was die keerpunt in Henry Timson Lukin se loopbaan.[12] Omstandighede het veroorsaak dat 'n Naturelle-kontingent juis toe op die been gebring is onder bevel van maj H. M. Bengough van die 7de Regiment. Lt Spurgin het Lukin aanbeveel en binne bestek van 'n paar dae kon lt Lukin by die personeel van Bengough's Horse aansluit. Uiteindelik was hy 'n soldaat,[13] nie eintlik onder ideale toestande nie, maar die bekoring van vredestydse soldaatlewe het hom in elk geval nooit juis aangestaan nie. Die geleentheid om nou dinge te doen het hy benut en maj Bengough en sy manne het aan die werk gespring.[14] Oorspronklik het die Naturelle-kontingent drie regimente van sewe bataljons elk gehad, maar na die slag van Isandhlwana is dit na vyf bataljons verminder. Slegs die offisiere en onderoffisiere was blank. Daarby was die krygswaarde van die manskappe maar laag omdat slegs 10% gewere gedra het. Die res was onder eie wapen.[15]

## Zoeloe-oorlog 1879

Die aanvangsgeveg by Rorkes Drift was rampspoedig en beide die Imperiale Leër en die Koloniale Magte het swaar verliese gely. Op 22 Januarie volg nog 'n ramp toe die 1 277 vegtendes deur die Zoeloe-impi van Cetshwayo by Isandhlwana verras en byna totaal uitgewis is. Eers teen Junie 1879 was Lord Chelmsford in staat om 'n suksesvolle teenoffensief van stapel te stuur.[16]

Op 4 Julie is Ulundi aangeval. Teen 0925 was die Zoeloehorde reeds uiteengedryf en die 174th Lancers aangesê om met die vyand slaags te raak. Agter die Lancers het die Naturelle-kontingent onder maj Bengough gery; aan sy sy was Lukin. Terwyl hulle 'n afdeling Zoeloes agtervolg het, is lt Lukin in die regterbeen gewond en alhoewel hy te kenne wou gee dat dit nie ernstig was nie, het hy kort daarna bewusteloos van sy perd afgeval[17] Ondertussen is die geveg verby. Binne drie uur is die mag van Cetshwayo volkome verbreek en die gootste bedreiging van vrede in Natal uit die weg geruim.

Die Slag van Ulundi was die eerste hoofstuk in die militêre loopbaan van die jong Lukin en daar het hy karaktertrekke geopenbaar wat hom later as soldaat goed te staan sou kom. Na verskeie operasies op die gewonde been was sy gesondheid nie na wense nie en het hy met welverdiende verlof na Engeland vertrek.[18] Kolonel sir Charles Mansfield Clarke, die kmdt genl van die Koloniale Magte aan die Kaap het ook 'n sterk aanbeveling na die Hertog van Cambridge gestuur om 'n kommissie in die Imperiale Leër vir Lukin te kry. Dié het dit nie gerade geag om 'n betrekking op grond van koloniale diens vir hom aan te bied nie en vir die huidige moes Lukin homself tevrede stel met die medalje en gespe van die oorlog. Sy beloning sou weldra volg.[19]

## Cape Mounted Riflemen

Met sy terugkeer vanaf Engeland was Lukin opnuut besiel met die gedagte om hier sy geleenthede te skep as hy dit tuis nie kan kry nie. Daarby was die Kaapse Regering begerig om sy waardering vir dienste deur die Naturelle-kontingent in die Zoeloe-oorlog van 1879 gelewer, te betoon deur twee kommissies in die korps Cape Mounted Riflemen aan oud-lede te gee. Lt H. T. Lukin, voorheen van Bengough's Horse, is as een uitgesonder en op 23 Maart 1881 as luitenant in die CMR (Cape Mounted Riflemen) aangestel.[20] Hierdie bekende eenheid — die eintlike koloniale Staande Mag — is in 1855 as die Frontier Armed and Mounted Police in die lewe geroep en het na 1878 as die Cape Mounted Riflemen bekend gestaan.[21]

In September 1880 het gevegte op die grens van die toenmalige Basoetoland (huidige Lesotho) uitgebreek en die Koloniale Magte in 'n minder gunstige posisie laat beland. Die oorlog was reeds byna op 'n end

toe lt Lukin by kol Carrington se magte sy gewig ingegooi het. '. . . his buoyant enthusiasm and vigour . . .' het veroorsaak dat hy gou bemind was in die regiment. Toe die medalje in 1897 uitgegee is, het Lukin een van die besitters geword van die Cape of Good Hope General Service Medal met die gespe 'Basutoland 1881' daarby. 'n Tydperk van min oplewing na die oorlog het nou gevolg.[22]

Met die hoofkwartier van die regtervleuel te Kingwilliamstown en die linkervleuel te Umtata, het die CMR ook verskeie afdelings en buiteposte gehad, onder andere op Alice. By Umtata, op die Pondolandse grens, was Lukin vir 'n aantal jare gestasioneer en op Alice, ongeveer 50 km vanaf Kingwilliamstown, het hy vier jaar bevel gevoer voordat die afdeling in 1898 na Barkly-Oos en Dordrecht verplaas is.[23]

Tydens sy verblyf te Alice het hy in die huwelik getree met Lily Quinn, die derde dogter van die gesiene en vooraanstaande Michael Herbert Quinn. Hulle het geen kinders gehad nie, maar kort voor sy dood het hy onder meer van haar gesê: 'A wife, a comrade and helpmate as perfect as ever fell to the lot of man.'[24]



Luitenant Lukin, CMR, 1891

In die Kaapkolonie was voortdurende kontak met Bantoestamme wat nie altyd vriendelik gesind was nie, onvermydelik. Omdat die getalle van die CMR aan die grens te klein was om veiligheid teen vyandelikhede te verseker, moes hul altyd slaggereed wees. Eenmaal het Lukin in 'n wapenskou met sy drie kanonne na 'n opstandige kraal vertrek, sy kanonne op 'n bos gerig en dit die lug in geblaas. Die indrukwekkende vertoning het by sy teenstanders geen twyfel gelaat oor die krag van sy wapens nie en hul veglus derhalwe aansienlik laat afkoel. Lt Lukin word bevelvoerder gegee van die Cape Mounted Riflemen se artillerietroep, met die uitsluitlike doel om hierdie afdeling te ontwikkel.[25] Vir twaalf maande word hy na Engeland gestuur om kursusse te deurloop, want by sy terugkeer sou hy as sowel geskutinstrukteur en seininstrukteur aangestel word. Die kursusse te Woolwich en Shoeburyness was interessant en by Hythe het hy alles bestudeer wat hulle hom oor Maxims (masjiengeweer van die tyd) kon vertel. In Januarie 1894 keer Lukin terug met sy sertifikate: Veldartillerie (Eersteklas) van Shoeburyness en Woolwich, Afstandmeting en Seininstrukteur van Aldershot en die Masjiengeweerinstrukteurskwalifikasies van Hythe.[26] Hy word met ingang van 1 Februarie tot die rang van kaptein bevorder en as geskutinstrukteur van die Cape Mounted Riflemen aangestel. Vanaf Junie 1894 vul hy ook die pos van seininstrukteur by die CMR.[26]

Weldra sou hierdie verkreë kennis nuttig te pas kom, want moeilikheid het reeds aan die Betsjoeanalandgrens gebroei.[27] Na sir Charles Warren se ekspedisie wat die twee Boererepublieke Stellaland en Goosen tot niet gemaak het en die gebied onder beskerming van Brittanje geplaas is in 1885, is drastiese maatreëls ingestel om behoorlike beheer uit te oefen.

Dit het tot ontevredenheid van die bewoners van die gebied gelei.[28] Eers is kleiner strafekspedisies uitgestuur, maar ten einde raad het 'n klein afdeling van die CMR onder kapt Woon in Januarie 1897 opdrag ontvang om die hoofman Galishwe te vang. Dit het misluk

en 'n groter mag onder kol Dalgety is daarop by Kimberley versamel. Kapt Woon se eskadron en kapt Lukin se artillerie en twee Maxims het ook deelgeneem. Gedurende hierdie Langeberg-veldtog het hy waargeneem as veld-adjudant en het boonop 'n uitstekende heliograafvelddiens georganiseer. Teen Augustus 1897 was die veldtog iets van die verlede.[29] Verskeie kere is kapt Lukin in die rapporte eervol vermeld en hy verwerf ook die gespe 'Bechuanaland 1897' tot sy medalje.[30] Met dié veldtog agter die rug, het Lukin bewys dat daar meer as net '. . . regimental routine . . .' in hom gesteek het. Hy het sy geleenthede benut en sodoende vir hom naam gemaak as militaris.[31]

**Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902**

Op 12 Oktober 1899 breek die Tweede Vryheidsoorlog uit en behaal die Boeremagte hul eerste oorwinning by Kraaipan waar 'n gepantserde trein gevang is.[32] Lukin was toe op Umtata gestasioneer. Benewens die aksie in Natal het magte in die Kaapkolonie opdrag ontvang om die dorpe langs die Rhodesiese spoorlyn, Mafeking, Vryheid en Kimberley, te beset en dan suidwaarts te beweeg om Kapenaars te help.

Die CMR was 'n koloniale mag onder beheer van die Kaapse Regering en toe pogings om die Kaap neutraal te hou misluk, is die Cape Mounted Riflemen as deel van die koloniale magte tot beskikking van genl sir Redvers Buller gestel.[33] Onder bevel van brig genl E. Brabant voer kapt Lukin bevel oor die artillerie van die Koloniale Divisie vanaf Februarie tot Oktober 1900. Die krygsverrigtinge sluit ondermeer die gevegte in die Stormberge, Februarie 1900, en operasies in die Vrystaat tussen Maart en Mei 1900 in.[34]

In April word Wepener deur die Boere onder genl De Wet beset, maar na sestien dae deur die Koloniale Divisie ontset. Op 9 April het De Wet reeds met 'n hewige bombardement op die garnisoen losgetrek. Die suksesvolle verdediging van die Jammersberg-brugposisie deur ongeveer 1 800 man teen 'n Boere-oormag, is deur Lukin gedeel. Sy briljante vertoning by die kanonne, in soms haglike omstandighede, is bekroon toe die Distinguished Service Order (DSO) aan hom toegeken is. Na die ontsetting van Wepener is die Koloniale Divisie onder lt genl Sir Leslie Rundle geplaas en kapt Lukin het die nege kanonne beheer.[35]

Vanaf Mei tot Augustus 1900 volg verdere operasies in die Kaapkolonie suid van die Oranjerivier on ook gevegte in die Vrystaat wat dié by die Wittebergen in Julie insluit. Ongeveer 6 000 Boere is hier in die Brandwaterkom omsingel. Die oggend van 30 Julie het genl Prinsloo met 4 314 man en baie voorrade by Fouriesburg oorgegee.[36]

Kapt Lukin se aandeel met sy kanonne in die groot operasies het hom as uitstekende leier en offisier laat uittroon. Sy ondernemingsgees, goeie begrip en snelle oordeel, het vir hom naam gemaak selfs buite Koloniale Divisie verband. Sy unieke kennis van die land en sy omgewing, is deur sowel die Opperbevelhebber as lord Kitchener besef. Die oorwinning in die Brandwaterkom het egter nie rus vir die CMR gebring nie. Die groot dryfjagte het begin.[37] Dit bring kapt Lukin sover as wes van Pretoria in Transvaal tussen Augustus en November 1900.[38]

In Oktober 1900 het dit noodsaaklik gewod om die Koloniale Divisie te herorganseer. Vervolgens is die Divisie na Kroonstad teruggeroep waar lt kol E. H. Dalgety uitgetree het as bevelvoerder van die CMR. Daar was nou geen twyfel oor wie aangestel sou word nie. Op 13 Oktober is kapt Lukin tot lt kol bevorder en aangestel as bevelvoerder van die Cape Mounted Riflemen.[39] Kort daarna kry hy ingewandskoors en het nie voor 7 Februarie 1901 sodanig herstel dat hy bevel kon oorneem nie. Intussen is die benaming Koloniale Divisie ook vervang met dié van Maxwell's Column.[40]

Gedurende Maart en April 1901 is die CMR in die Vrystaat onder genl Gorringe maar teen die end van April word die regiment teruggeroep na Cradock om met kol Scobell se dryfjagte teen Malan, Scheepers en Kritzinger in die Kaapkolonie behulpsaam te wees. Op 1 Junie word hy tweede-in-bevel van Scobell se kolonne.[41] Gedurende die verloop van hierdie operasies het hy ywer en durf aan die dag gelê en byna daarin geslaag om Kritzinger te vang. Van lord Kitchener het hy berig ontvang dat die DSO aan hom toegeken is, maar aangesien hy reeds die DSO gehad het, is die dekorasie na die oorlog na die CMG (Companion of the Most Distinguished Order of St Michael and St George verander).[42]

Lukin het ondertussen die CMR in verskeie nagaanvalle gelei en op 10 Oktober 1901 word hy as bevelvoerder van 'n 'Flying Column' aangestel.[43] Op 1 Desember volg nuwe verwikkelinge in die Kaapse Verdedigingsmagte. Die Kaapkolonie word in twee verdeel en lt kol Lukin word as bevelvoerder van die Oostelike Distrikte (No 1 Gebied) met sy hoofkwartier te Queenstown aangestel. Daarna tree hy net in die Kaapkolonie op totdat die vrede op 31 Mei 1902 te Vereeniging gesluit is.[44]

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het Lukin die fleur van sy lewe bereik. Met twintig jaar militêre opleiding agter die rug, was hy tevrede dat sy droom verwesenlik is. In slegs twee en 'n half jaar het hy gevorder tot die bevelvoerder van die helfte van die Kaapkolonie! Vir getroue diens is hy beloon.[45] Hy het reeds die toekennings DSO en CMG gehad, en op 23 Augustus 1902 is die ere-rang van lt kol in die Imperiale Leër aan hom gegee. Hy is eervol vermeld in rapporte van die Londen Gazette van 8 Februarie, 16 April en 20 Augustus 1901. Boonop is sy medalje-reeks ook vergroot deur die toekenning van die 'Queens Medal' met vier gespes en die 'Kings Medal' met twee gespes.[46]

**Unieverdedigingsmag**

Die einde van die Tweede Vryheidsoorlog het Suid-Afrika in 'n toestand van algemene vervan en verwarring gelaat.[47] Dit was wenslik om so spoedig moontlik strydmagte te verenig. Baie mense het nouer samewerking tussen die kolonies bepleit[48] en die ideaal mettertyd ook verwesenlik. 'n Probleem wat na Uniewording nog bestaan het, was die land se verdediging. Voor die Verdedigingswet van 1912 van krag geword het, was daar nie 'n bevredigende oplossing nie, alhoewel vordering in dié verband in die periode tussen 1902 en 1912 reeds gemaak is.[49]

Terwyl hy nog bevel voer oor die CMR word Lukin met ingang 1 Januarie 1903 tot kolonel bevorder. Op 1 Junie 1904 val 'n verdere eer hom te beurt toe hy bo en behalwe sy pligte as bevelvoerder van die CMR, ook as kmdt genl van die Kaapse Koloniale magte in die plek van genl maj sir E. Y. Brabant aangestel is. Voorheen was die twee poste geskei.[50] Nou is dit verenig en die hoofkwartier vir beide verskuif na King Williamstown.

Bewus van die tekortkominge in die bestaande verdediging- en opleidingstelsel het kol Lukin dadelik daadwerklike veranderinge begin aanbring.[51]

Hierdie jare het ook twee van Harry Lukin se grootste persoonlike droefhede meegebring. In September 1903 is sy enigste suster oorlede. Vroeg in 1904 het ook sy vader, Robert Lukin, aan influensa beswyk. Sulke verliese kan nooit vervang word nie — daarvoor kan ook nie gekompenseer word nie.[52]

Op 17 Mei 1911 oorhandig hy die kantoor van die kmdt genl Kaapse Koloniale Magte aan lt kol Grant voor sy vertrek na Engeland. Lt kol Grant het hom ook as bevelvoerder van die CMR opgevolg. Lukin was in beheer van die kontingent Suid-Afrikaners wat vir die kroningsplegtigheid van koning George V Londen toe gestuur is. Toe die groot dag aanbreek, was kol Lukin in die ereposisie direk agter die Koning tydens die optog van kontingente. In die prosessie die volgende dag is hy ook aangestel as leier van die indrukwekkende kavalkade.

Kol Lukin kon nie saam met sy manne terugkeer nie. Saam met ander senior offisiere is hy na Switzerland om in September 1911 krygsoefeninge by te woon. Waardevolle kennis insake 'n moontlike verdedigingstelsel vir die toenmalige Unie is daar ingewin.[53] Met sy terugkeer in Januarie 1912 hervat hy sy dienste as kmdt genl, maar lt kol Grant behou die bevel van die CMR.[54]

Na die totstandkoming van die Verdedigingswet wat op 1 Julie 1912 in werking getree het, is met die nuwe organisasie begin, nadat die bestaande organisasie en provinsiale verdedigingsmagte ontbind is. Met dié doel voor oë is die poste van Kommandant-generaal Koloniale Magte (KAAP), Kommandant van Milisie (NATAL) en Inspekteur van Vrywilligers (TRANSVAAL) afgeskaf en is die nuwe hoofkwartier van die Unieverdedigingsmag (huidige SAW), in Pretoria gesetel.[55] Drie nuwe afdelings het die ou hoofkwartierstawwe vervang, te wete die van die Staande Mag onder die Inspekteur-generaal (brig genl H. T. Lukin), dié van die Aktiewe Burgermag onder die Kommandant-generaal, ABM (brig genl C. F. Beyers) en dié van die Kadette onder die Kommandant van Kadette (kol P. S. Beves).[56]



Genl sir Douglas Haig, genl Smuts, en genl Lukin, 1921

Met ingang van 1 Julie 1912 is Lukin dus ook na die rang van brig genl (huidige brigadier) bevorder. Prakties gesproke het dit genl Lukin aan die hoof van die permanente verdedigingsmag van die Unie geplaas.[57] Vyf regimente, bekend as die Zuid-Afrikaansche Bereden Schutters (SABS) of South African Mounted Rifles (SAMR) het hul verskyning gemaak as die voorloper van die Staande Mag van vandag. Die hoofkwartiere van die regimente was onderskeidelik op King Williamstown, Pietermaritzburg, Dundee, Pretoria en Kimberley. Die destydse Cape Mounted Riflemen onder lt kol R. C. Grant is in die 1ste Regiment, SABS, opgeneem.[58]

Een van die eerse take van die nuwe inspekteur-generaal was om die Indiër-opstand in Natal in November 1913 te hanteer. Skermutselinge het in verskeie distrikte, onder andere Ladysmith, plaasgevind, maar Lukin se taktvolle optrede het 'n snelle einde daaraan gebring. Vir hierdie taak het die Kaapse Kabinet hom geloof.[59] Tydens die afwesigheid van brig genl Beyers in Oktober 1913 het Lukin bo en behalwe sy normale pligte ook waargeneem as Kommandant-generaal van die Aktiewe Burgermag.[60]

## Duits-Suidwes-Afrika

Met die uitbreek van Wêreldoorlog I het die Botha-regering onderneem om 'n ekspedisiemag na Suidwes te stuur om die gebied te beset. Vervolgens word Lukin in Augustus 1914 gelas om die Staande Mag by Steinkopf, sowat 80 km suid van die Oranjerivier te konsentreer. Hy moes noordwaarts beweeg en aansluit by ander eenhede onder Beyers wat vanaf Upington sou opruk. Voordat laasgenoemde plan egter tot uitvoering gebring kon word, het genl Beyers bedank as Kommandant-generaal en homself aan die hoof van die gewapende protes (rebellie) teen die Unie-regering, geplaas. Ondertussen het Lukin op 20 September sy basis by Steinkopf opgerig. Onder sy bevel het vier regimente SABS, die Witwatersrand Rifles en drie batterye Transvaal Staatsartillerie geressorteer.[61] Teen 24 September 1914 het Lukin reeds tot teen die rivier gevorder, maar kol S. Maritz se verraad het genl L. Botha veplig om eers die rebellie te onderdruk. Gevolglik word



Genl C. F. Beyers

Lukin se mag na die Vrystaat gestuur en onder Botha teen genl De Wet se protesterende burgers (rebelle) in Transvaal en die Vrystaat aangewend. Dit was ten tye van hierdie krygsverrigtinge dat Lukin by die dood omgedraai het. Die weerlig het naamlik die sersant langs hom doodgeslaan en Lukin se bene tydelik verlam.[62]

In 1915 was die rebellie onderdruk en kon die Suidwes-veldtog voortgesit word. Met sowat 50 000 man tot sy beskikking het Botha 'n dubbele aanval geloods — oor land vanaf Upington en vanaf Walvisbaai en Swakopmund.[63] Soos die Unie-troepe aangemarsjeer het, het die Duitsers teruggeval. Gevegte het wel by, ondermeer, Gibeon en Rietfontein plaasgevind. Op 11 Mei is Windhoek beset.

Toe genl Lukin se mag, waarvan hy op 18 Mei bevel oorgeneem het, op 10 Junie vanaf Swakopmund vertrek het, was die suidelike deel van die gebied reeds in besit van die Unietroepe. Op 18 Junie het die finale veldtog begin, want die Duitse hoofmag was nog nie verslaan nie. Lukin se berede brigade was sentraal geplaas by Botha se hoofkwartier. Omaruru is op 20 Junie bereik en op 9 Julie het die Duitse verdedigers by Khorab oorgegee.[64]

## Noord-Afrika

Na afloop van die veldtog in Suidwes kondig genl Botha aan dat 'n Suid-Afrikaanse kontingent vrywilligers onder aanvoering van Lukin vir oorsese diens moes mobiliseer. Die brigade sou deel word van die Imperiale Leër en gevolglik is Lukin na laasgenoemde gesekondeer en kry hy 'n tydelike Imperiale kommissie as kolonel (tydelik brigadier-generaal) op 11 Augustus 1915. Daarop word hy ook aangestel as bevelvoerder van die 1ste Suid-Afrikaanse Infanterie Brigade. In Hampshire (Engeland) by hul basis Borden het die brigade opleiding ondergaan onderwyl genl Lukin saam met ander offisiere die Wesfront besoek het.[65]

Moeilikheid het egter elders ook gedreig en in Januarie die volgende jaar land Lukin se brigade by Alexandria waar die Turke die Suezkanaal uit die Ooste begin bedreig het. Die Sanusi-stamme het terselfdertyd gedreig om Egipte uit die weste aan te val. Aangevoer deur Ja'afer (Gaafer) Pasja en bewapen deur die Turke het hulle herhaaldelik naby Mersa Matruh verskyn. Die beplande hoofaanval is op 16 Februarie van stapel gestuur toe Lukin met 'n kolonne na Barrani gestuur is. Om binne trefafstand te kom, beweeg hy op die 24ste na Wadi Maktil en op 26 Februarie val hy Agagia aan waarna die invallers se lot verseël is.[66] Genl Lukin se opdrag was nog nie voltooi nie: Sollum die hawestad, 130 km vanaf Barrani, moes nog geneem word. Die vyand het reeds groot geskrik en op die vlug geslaan. Sollum is sonder weerstand ingeneem.

Harry Lukin se dienste in Egipte het nie sonder erkenning verbygegaan nie. Koning George het aan hom die 'Companionship of the Bath' toegeken en die Egiptiese khedive die Orde van die Nyl, 3de Klas. Daarby is 'n mooi Arabiese ryperd aan hom geskenk.[67]



Genl Lukin

## Frankryk

Op 11 April 1916 vertrek die Suid-Afrikaanse Brigade vanaf Alexandria na Marseilles in Frankryk. Daar aangeland beweeg hulle dade-

lik noordwaarts om een van die drie brigades van die 9de (Skotse) Divisie, onder genl maj E. T. Furse (broer van die toenmalige Biskop van Pretoria) op die front af te los. Lukin het toe sy Hoofkwartier te Bailleul naby Ypres ingerig.[68] Nadat die Suid-Afrikaners se brigade weer op sterkte gebring is, het hulle in Junie 1916 opdrag ontvang om na die Somme-gebied in Noordwes-Frankryk op te ruk. Aan die vooraand van die Somme-offensief, wat op 1 Julie begin het, was die brigade in reserwe,[69] naby Bray. Verskillende bataljons is na die frontlinies oorgeplaas, afgelos en vervang.[70] Saam met die 26ste Infanterie Brigade (Scotish Highlanders) en die 27ste Infanterie Brigade (Scotish Lowlanders) het die Suid-Afrikaners nou deel gevorm van die 9de Divisie wat tot lt genl sir Walter Congreve se XIII Korps toegevoeg is.[71]

Op 5 Julie is Lukin aangesê om te konsolideer en die Bernafreybos te hou wat die vorige dag deur die 27ste Brigade ingeneem is. Dit was 'n moeilike posisie, maar Lukin het die bos gehou. Dit was ook juis hier waar genl Lukin begin het met sy gewoonte om elke dag die hele frontbreedte van sy brigade te besoek. Op 14 Julie het XIII Korps teen



Lt kol E. F. Thackeray, CMG, DSO



Brig genl W. E. C. Tanner, CB, CMG, DSO

die Duitse Tweede Linie opgemars teenoor Longueval en Lukin opdrag ontvang om die sleutelposisie Delvillebos teen alle koste te verower. Aan lt kol W. E. C. Tanner is bevel van die Suid-Afrikaanse aanvalsmag opgedra.[72] Twee uur voor dagbreek op 15 Julie het die brigade uitbeweeg en stelling ingeneem by die suidwestelike hoek van die bos, ongeveer 1,5 vierkante km groot. Teen die middag is aan Lukin gerapporteer dat die bos verower is; behalwe vir die Duitse sterktepunte in die noordwestelike hoek waar die bos by die vrugtebome van Longueval aangesluit het.

Dit was een ding om die bos te verower maar 'n ander ding om dit te behou. Vir genl Lukin was daar geen tyd om sy beplande onttrekkings- en aanvalstaktiek uit te voer nie,[73] en vyf dae van moordende gevegte het gevolg; dae en nagte waarin teenaanvalle afgeslaan is en waarin die Suid-Afrikaners heldhaftig standgehou het.[74] Gedurende die tyd was Lukin voortdurend teenwoordig in die hitte van die stryd. Sy daaglikse besoeke aan die frontloopgrawe is, ongeag hewige

bombardement en die haglike toestande wat daar geheers het, volgehou. Op 20 Julie het die 26ste Brigade die Suid-Afrikaners afgelos. Om 1800 uur het lt kol Thackery, wat die gewonde lt kol Tanner vervang het, met twee offisiere, beide gewond, en 140 manskappe hul posisie ontruim en uit Delvillebos marsjeer.[75]

Die volgende dag was die totale sterkte van die aanvanklik 121 offisiere en 3 032 manskappe van die brigade 'n skrale 5 offisiere en 750 manskappe. Lukin het die saluut geneem en terwyl hy so op sy afgematte klompie afgekyk het, het hy sy hoof ontbloot en met trane in sy oë gesê:

'You see . . . I know the fathers and mothers of those lads. They're not just cannon fodder to me: I feel responsible for them to their parents.' Die somberheid van die oorlog en slagting het swaar op die gemoed van die generaal gerus.[76]

Na die Slag van Delvillebos is die 9de Divisie van Furse uit die frontline gehaal sodat reorganisasie kon geskied. Teen 23 Augustus was genl Lukin se brigade so te sê voltallig en terug in die frontlinie naby die beroemde Vimy Ridge. Aan die begin van Oktober het hulle weer suidwaarts verskuif na die Somme.[77] Op 12 Oktober is dit aan Lukin opgedra om die Duitse loopgrawe by die heuwel Butte de Warlencourt aan te val. Ten spyte van herhaalde pogings in die digte mis en reën en in loopgrawe wat tot drie voet modder bevat het, het die aanval misluk. Hierdie keer was die verliese van die brigade 45 offiseire, waarvan 16 gedood is, en 1 005 manskappe.[78]

Die winter het nou begin en steeds was die 1ste Suid-Afrikaanse Infanterie Brigade daar om gapings te vul en hulp te verleen waar nodig. Veranderde omstandighede het reorganisasie teweeggebring. Lukin is op 30 November 1916 tot genl maj in die Imperiale Leër bevorder. Daarby is hy ook as bevelvoerder van die 9de (Skotse) Divisie in Furse se plek aangestel.[79] Gelukkig vir hom het sy ou brigade nog deel van die Divisie gevorm.[80]


Aan die begin van 1917 is die Divisie-hoofkwartier in Arras en op 9 April begin die artillerie met hul finale bombardement op die



**Die gedenkteken te Delvillebos**

Duitse posisies. Geleidelik het die Divisie vorentoe beweeg totdat hul opdrag voldoen is. Genl Lukin het die vreugde gesmaak dat die eerste groot aksie van die Divisie onder sy bevel, 'n algehele sukses was.[81]

Op 12 April het Lukin 'n verdere opdrag ontvang, hierdie keer om 'n aanslag op die chemiese werke te Roenx te maak. Teen die helfte van April was die Arras-offensief iets van die verlede en Passchendaele het aan die beurt gekom.[82] Op 10 Oktober was die Divisie weer in gevegte betrokke. Toestande het versleg sedert September, maar die ure van opleiding sedert Arras sou weldra vrugte afwerp. Die troepe se moreel was hoog, maar so ook die water in die loopgrawe. Genl Lukin het op 'n keer verwys na Passchendaele as die stadium toe '. . . the troops were asked to fight not only against the Germans, with whom they were fully able to deal, but against the forces of Nature, which they could not combat.'[83] Genadeloos het die reën uitgesak en steeds was Lukin altyd bewus van sy manne se welsyn omdat hy voortdurend elke oggend voor ontbyt 'n besoek aan die voorste lopograwe van sy troepe gebring het.



**Genl Lukin en sy staf. Frankryk 1916**

In November 1917 het die geveg by Cambrai, waar tenks vir die eerste keer in groot getalle aangewend is, afgeloop. Dit was Lukin se 9de Divisie wat vasgestaan het langs groot dele van die Hindenburglinie en in wisselwerking met die Guards het die Slag van Cambrai geëindig deur te behou wat hulle verower het.[84]

Die winter van 1917-18 was 'n tydperk van spanning. Daarenteen was dinge in Frankryk relatief stil. Dit is so dat in tye van oorlog dekorasies soms kwistig toegeken word, maar dit was nie die geval met die militêre KCB nie. Die pligsgetrouheid wat Lukin in Frankryk aan die dag gelê het, is bekroon met die 'Knight Commander of the Order of Bath' waarmee hy vereer is. Die toekenning van 'n ridderskap was vir Harry Lukin die teken van werklike onderskeiding — die amptelike seël op sy rekord van 'n lang en suksesvolle dienstyd.[85] Oor sy werk in Frankryk het genl sir Douglas Haig, die opperbevelhebber, onder meer gesê: 'Coming to France in May 1916 his skilful command of the SA Brigade soon induced me to select him for command of the 9th Division. This Division he has commanded with skill and ability in many hard-fought fights, and I have looked on him as one of the most reliable divisional commanders in France.'[86]

**'n Nuwe Bedeling**

Genl maj Lukin se dienste het nou elders nodig geblyk te wees. In Maart 1918 word hy gevolglik as bevelvoerder van die 64ste Hooglanders Divisie, met sy hoofkwartier te Norwich, aangestel.[87] Twee maande later, op 23 Mei 1918, word hy in die Staande Mag van die Unieverdedigingsmag bevorder tot die substantiewe rang van genl maj.[88] Teen November dieselfde jaar het hy hierdie bevel oor 30 000 man onder hom aan sir John Copper oorhandig.

Die einde van die oorlog het daardeur ook 'n einde aan Lukin se aktiewe diens beteken. Benewens die dekorasies, waarvan reeds melding gemaak is, was Lukin vyf maal eervol vermeld in rapporte en verwerf hy ook die 1914-15 Ster, Britse Oorlogsmedalje en die Oorwinningsmedalje van Wêreldoorlog I. Hy was reeds 58 jaar oud en derhalwe het hy uit beide die Imperiale en die Suid-Afrikaanse Leër op 26 Januarie 1919 getree. Met die neerlegging van die tydelike Imperiale kommissie, is die ere-rang van genl maj in die Imperiale Leër op 15 Mei 1919 aan hom toegeken.[89]

Op 12 April 1920 kom die Balmoral Castle uit Engeland in Kaapstad aan met genl maj sir H. T. Lukin aan boord.[90] As 'n vriend van soldate en 'n bruikbare leier sou hy hier in


Suid-Afrika nog talle take onderneem. Voorts dien hy ook as voorsitter van die Verdediging-kommissie van Ondersoek oor sekere sake rakende die Suid-Afrikaanse Staande Mag, tussen November van dieselfde jaar en Januarie 1925. Met sy gewone toewyding en ywer het Harry Lukin sy diens aan die gemeenskap gelewer. Vir hierdie gemeenskap het hy baie omgegee, want '. . . the old warrior returned to the land to which his talents and his years had been devoted. On distant shores he had led her sons to victory . . .'[91]

**Laaste Dae**

In die lente van 1925 het dit duidelik geblyk dat die generaal ernstig siek was. Vroeg in Desember het hy reeds besef dat sy einde naby is en op 16 Desember 1925 het hy stil heengegaan. Sy huis te Kenilworth, Kaapstad, het stil geword, maar die groot krygsman se strewe het bly voortleef — 'n strewe om Suid-Afrika se verdedigingstelsel vir elke gebeurlikheid, voor te berei.[92]

Met sy dood was Suid-Afrikaners nie net tevrede om persoonlik uitdrukking van gevoel te bewys nie. Op nasionale grondslag is 'n komitee toe in die lewe geroep met die doel om 'n nasionale gedenkteken vir hom op te rig. Brig genl W. E. C. Tanner was die voorsitter. Een uitvloeisel uit die komtee se arbeid was die beskikbaarstelling van R20 000 vir die Lukin Gedenkbeurs wat jaarliks toegeken word aan seuns van Wêreldoorlog I Vrywilligers, wat begerig is om tegniese opleiding aan enige Suid-Afrikaanse Universiteit te ondergaan. Tans word die beurs toegeken aan seuns van dienende lede van die Staande Mag.[93]

Harry Lukin het nooit sy eie gewin gesoek nie. Sy eie populariteit en sukses was nie van belang nie; diens was sy doelwit. Of dit nou aktiewe of vredestydse diens was, sy plig het hy altyd gedoen.[94]




**Gedenkplaat, Port Elizabeth**

---

GENERAAL MAJOOR
SIR HENRY TIMSON LUKIN

Knight Commander of the Most Honourable Order of the Bath (KCB)
1918

Companion (Mil) of the Most Honourable Order of the Bath (CB)
1916

Companion of the Most Distinguished Order of St Michael and St George (CMG)
1901

Companion of the Distinguished Service Order (DSO)
1900

Chevalier Legion d'Honneur (Fr)
1919

Order van die Nyl, Derde Klas
1917

VOETNOTE: Gen maj sir H. T. Lukin.

1. Johnston, R. E.: **Ulundi to Delville Wood,** Kaapstad, ongedateerd, 6.
2. **Ibid,** 7.
3. **Ibid,** 8.
4. **Ibid,** 7.
5. **Ibid,** 11.
6. **Ibid,** 12.
7. **Ibid,** 13.
8. **Ibid,** 14.
9. **Ibid,** 15.
10. **Ibid,** 17.
11. **Ibid,** 18.
12. **Ibid,** 20.
13. **Ibid,** 21.
14. **Ibid,** 22.
15. Tylden, G.: **The Armed Forces of South Africa,** Johannesburg, 1954, 124.
16. Johnston, R. E., **op cit,** 33.
17. **Ibid,** 37.
18. **Ibid,** 38.
19. **Ibid,** 39.
20. **Ibid,** 40.
21. Ploeger, J.: **Op Brandwag. Drie Eeue Militêre Geskiedenis van Suid-Afrika,** 'Militaria', 1/4, 1968, 5.
22. Johnston, R. E., **op cit,** 51.
23. **Ibid,** 52, 53.
24. **Ibid,** 54.
25. **Ibid,** 57.
26. Dokumentasiediens, SA Weermag: Persoonlike Lêer van H. T. Lukin, P1/568, Argiefnommer 17879.
27. Johnston, R.E., **op cit,** 58.
28. **Ibid,** 60.
29. Persoonlike lêer, **op cit.**
30. Johnston, R.E., **op cit,** 61.
31. **Ibid,** 64.
32. **Ibid,** 66.
33. **Ibid,** 67-69.
34. Persoonlike lêer, **op cit.**
35. Maurice, genl maj sir F.: **History of the War in South Africa 1899-1902,** Deel II Londen, 1907, 319.
36. Persoonlike lêer, **op cit.**
37. Johnston, R.E., **op cit,** 85.
38. Persoonlike lêer, **op cit.**
39. Johnston, R.E., **op cit,** 88
40. **Ibid,** 90.
41. **Ibid,** 92.
42. **Ibid,** 94.
43. Persoonlike lêer, **op cit.**
44. Johnston, R.E., **ibid,** 99.
45. **Ibid,** 100.
46. Persoonlike lêer, **op cit.**
47. Johnston, R.E., **op cit,** 101.
48. **Ibid,** 103.
49. **Ibid,** 107.
50. Persoonlike lêer, **op cit.**
51. Johnston, R.E., **op cit,** 107.
52. **Ibid,** 110.
53. **Ibid,** 111.
54. Persoonlike lêer, **op cit.**
55. Ploeger, J., **op cit,** 19.
56. **Ibid,** 20.
57. Johnston, R.E., **op cit,** 114.
58. Ploeger, J., **op cit,** 20.
59. Johnston, R.E., **op cit,** 115.
60. Persoonlike lêer, **op cit.**
61. Johnston, R.E., **op cit,** 117-119.
62. **Ibid,** 120-122.
63. Rosenthal, E.: **Encyclopaedia of Southern Africa,** Londen, 1970, 640.
64. Johnston, R.E., **op cit,** 123.
65. **Ibid,** 127-128.
66. Ploeger, J., **op cit,** 32.
67. Johnston, R.E., **op cit,** 139.
68. **Ibid,** 140.
69. Ploeger, J., **op cit,** 32.
70. Ploeger, J.,: **Brosjure uitgereik ter herdenking van die Slag van Delvillebos,** 1966, 5.
71. Johnston, R.E., **op cit,** 142.
72. Ploeger, J., Op Brandwag, **op cit,** 32.
73. Johnston, R.E., **op cit,** 146.
74. Ploeger, J., Op Brandwag, **op cit,** 32.
75. Johnston, R.E., **op cit,** 148-149.
76. **Ibid,** 150.
77. **Ibid,** 153.
78. **Ibid,** 156.
79. Persoonlike lêer, **op cit.**
80. Johnston, R.E., **op cit,** 157.
81. **Ibid,** 169.
82. **Ibid,** 173.
83. **Ibid,** 182.
84. **Ibid,** 186.
85. **Ibid,** 188.
86. **Ibid,** 190.
87. **Ibid,** 191.
88. Persoonlike lêer, **op cit.**
89. Johnston, R.E., **op cit,** 197.
90. **Ibid,** 200.
91. **Ibid,** 202.
92. **Ibid,** 221.
93. Persoonlike lêer, **op cit.**
94. Johnston, R.E., **op cit,** 229.